TELEMATIESE
SKOLE PROJEK

# 2023 VAKWERKBOEK
# Graad 11

# GESKIEDENIS

‘n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
FOR YOU
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# UITSAAITYE

**GRAAD 11** **Geskiedenis**

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| **Een** | **31/10/2023** | **16h00-17h00** | **Hersiening: Vraestel 1** |
| Twee | 09/11/2023 | 15h00-16h00 | Hersiening: Vraestel 2 |

## INLEIDING

Liewe Graad 11 Historikus

Welkom by die Telematiese projek. Die 2023 Gr 11 geskiedenis-programme beoog om jou verstaan van historiografie en van fokuspunte oor die **basiese kennis en vaardighede** wat nodig sal wees om die eksamen te slaag te versterk wat jou paspoort is na graad 12.

Hierdie werkboek is bedoel om gebruik te word in samewerking met die telematiese programme en dit te konsolideer wat in die klaskamer geleer was. Die 2023 Telematiese lesse sal fokus op die vermoë om te lees, te ontleed en bronne te interpreteer, sowel as om jou vaardighede om 'n goeie geskiedenis-opstel te skryf te ontsluit elke keer wanneer jy 'n opstelvraag moet skryf. Dit sal jou ook toerus met die nodige klaarheid wat jy aan die einde van die jaar te verwag.

Hierdie werkboek is slegs van groot hulp as dit saam met die telematiese programme gebruik word waar jy ook met die aanbieder in kontak kan kom deur middel van 'n SMS, WhatsApp-boodskap of van die Telematiese Facebook-bladsy tydens die lewendige uitsengings.

Baie mense vra dikwels: Wat is die nut om geskiedenis te bestudeer? Slegs hierdie vak kan jou toerus met die nodige vaardighede om moeilike onderwerpe op universiteit na te vors of jou saak soos 'n toekomstige prokureur te beredeneer! Die vak bied ook konteks waarom die wêreld in hierdie toestand is. Soos die eeu-oue gesegde lui: Diegene wat nie hulle geskiedenis ken nie, is geneig om dit te herhaal. Hierdie vak sal jou toerus met lewensvaardighede wat jy kan toepas soos analitiese en interpretasie vermoëns, lees om te verstaan sowel as om etiese vraagstukke wat die wêreld vandag steeds teister te ontleed. Geskiedenis handel nie net oor datums en getalle nie, dit gaan oor hoe die wêreld funksioneer!

**"Enigiemand wat nog nie 'n fout begaan het nie, het nog nooit iets nuuts probeer nie." – *Albert Einstein***

Alles van die beste.

# INLEIDING - HOE OM HIERDIE WERKBOEK TE GEBRUIK

Hierdie boek is opverdeel in VYF hoofstukke. Elke hoofstuk handel oor EEN onderwerp in die graad 11 sillabus.

Wees bedag daarop dat nie alle onderwerpe deur 'n bepaalde skool behandel sal word nie. So sal sommige opvoeders die Gevallestudie oor Ghana behandel in plaas van Die Midde-Ooste. In sodanige geval sal jy net blaai na die gekose onderwerp.

Skenk aandag aan die bladsye wat gemerk is: 'Hoe om die brongebaseerde-/opstelvrae te beantwoord', aangesien jy handige vaardighede mag leer.

| Onderwerp | Beskrywing |
|---|---|
| **ONDERWERP 1: Kommunisme in Rusland, 1900 – 1940** | • Wat is Kommunisme? Februarie- en Oktoberrewolusies (agtergrond).<br>• Die Burgeroorlog en Oorlogskommunisme.<br>• Die Nuwe Ekonomiese Beleid.<br>• Stalin se interpretasie van Marxisme-Leninism. |
| **ONDERWERP 2: Kapitalisme in die VSA, 1900 – 1940** | • Amerikaanse droom en Kapitalistiese Groei (agtergrond).<br>• Wallstraatse ineenstorting (1929).<br>• Verkiesing van Franklin D. Rooseveldt en die Nuwe Bedeling.<br>• Ontleding van die Nuwe Bedeling.<br>• Impak en reaksie op die krisis van kapitalisme. |
| **ONDERWERP 3: Idees oor Ras** | • Teorie en praktyk.<br>• Gevallestudie: Australië en die Inheemse bevolking van Australië.<br>• Gevallestudie: Nazi-Duitsland en die Holocaust. |
| **ONDERWERP 4: Nasionalismes** | • Wat is nasionalisme?<br>• Gevallestudie: Doe opkoms van Afrika Nasionalisme.<br>• Gevallestudie: Afrikaner Nasionalisme.<br>• Gevallestudie: Midde-Ooste.<br>• Gevallestudie: Ghana. |
| **ONDERWERP 5: Hoe uniek was Apartheid in Suid-Afrika?** | • Segregasie as die fondasie van apartheid.<br>• Apartheid as 'n vorm van van neo-kolonialisme.<br>• Apartheid as onderbou tot die idees oor ras.<br>• Die aard van en weerstand teen Apartheid. |

## WAT U MOET WEET

| KODE | VERDUIDELIKING |
|---|---|
| SCAN ME | Hierdie QR neem jou na die video wat sal demonstreer hoe om die bronne te ontleed en bevat ook waardevolle wenke en gebruike hoe om brongebaseerde vrae te beantwoord. |
| SCAN ME | Hierdie QR kode neem jou na 'n video wat sal wys hoe om 'n opstel te skryf. Jy kan die tegnieke van enige video aanpas. |
| SCAN ME | Hierdie QR kode sal jou na 'n video neem wat al die onderwerpe uiteen sit wat hierdie jaar gedek sal word. |
| SCAN ME | Hierdie QR kode sal jou na 'n video neem wat sal verduidelik hoe effektief te studeer. |

## TERMINOLOGIE

| Begrip | Verduideliking |
|---|---|
| **Kommunisme** | **'n Teorie of stelsel waar alle eiendomme deur die gemeenskap besit word en elke persoon 'n bydra maak en daarna opbrengste ontvang volgens sy vermoë en behoeftes.** |
| Kapitalisme | 'n Ekonomiese en politieke stelsel waar 'n land se handel en nywerheid beheer word deur privaat eienaars met die oog om wins te maak eerder as aan die staat. |
| **Rassisme** | **Vooroordeel, diskriminasie or antagonisme deur 'n indiwidu, gemeenskap of instelling teen 'n persoon of gemeenskap op grond van ras of etniese groep waaraan hulle behoort byvoord 'n minderheids of gemarganaliseerde groep.** |
| Nasionalisme | Identifisering met 'n persoon se eie ras en ondersteuning vir hulle belange, veral met die uitsluiting en benadeling van ander volke. |
| **Apartheid** | **Apartheid was 'n stelsel van rassediskriminasie wat tussen 1948 en 1994 in Suid-Afrika van toepassing was.** |
| Onderdrukking | Volgehoue onregverdige behandel. |

## LET WEL

**WENKE: Wanneer jy vir enige vorm van assessering voorberei moet jy:**

- Die inhoud ken
- Die verhaal verstaan – gebruik geheuekaarte om seker te maak jy ken die kronologie van die verhaal.
- Ken die begrippe van die onderwerpe wat jy bestudeer.
- Oefen deur vorige vraestelle se vrae te beantwoord.
- Vergewis jouself van die maniere waarop vrae gestel kan word.
- Ontleed / verstaan die vrae sodat jy weet wat om te doen.
- Gebruik ‘n potlood of verligter en werk deur die bronne om dit te verstaan
- Kyk uit vir **definisies, redes, menings , ooreenkomste,** om uit te lig
- Doen bogenoemde en jy sal gereed wees om die vraestel skryf en te geniet!

**KEN JOU VRAE WOORDE!**

# STUDIEMETODES

**NET EFFEKTIEF**

1. **Maak opsommings** – skryf 8 tot 10 lyne oor die onderwerp.
2. **Verligting** – kategoriseer inligting as “belangrik” of “nie”.
3. **Nemoniese wyse** – help om inligting in jou brein te stoor.
4. **Skep van beelde** – geheuekaart, diagramme, grafiese organisering.
5. **Weer lees** – bou onthou.

**GEMIDDELD EFFEKTIEF**

1. **Uitgebreide ondersoek** – vra vrae soos “waarom”, “hoe”.
2. **Selfverduideliking-** verduidelik ‘n konsep in jou eie woorde
3. **“Interleaved” metode** – beantwoord aktiwiteite oor een onderwerp voordat na die volgende een oorgegaan word.

**HOOGS EFFEKTIEF**

1. **Verspreide wyse** – moenie alles indruk nie! Spasieër jou studietyd.
2. **Praktiese Toets** – raak gewoond aan hoe vrae gevra word.

## VRAAGWOORDE

| AKSIEWOORDE | BETEKENIS |
|---|---|
| **BRONGEBASEERDE VRAE** | |
| Lys, noem, ... volgens die bron...<br><br>Haal bewyse aa uit die bron<br><br>Definieër die konsep ... | Die antwoorde kom in die bronne voor<br><br>– gebruik 'aanhalingstekens...' wanneer jy die antwoord uit die bron onttrek<br><br>As die vraag sê **'<u>binne die konteks van</u>**' moet jy dit met die onderwerp verbind (agtergrond) |
| Verduidelik in jou eie woorde... | Gebruik die inligting in die bron en verduidelik hoe jy dit verstaan |
| Vergelyk ooreenkomste / verskille<br><br>Vergelyk hoe die bronne mekaar ondersteun met betrekking tot... | Identifiseer ooreenkomste/verskille tussen die twee bronne in antwoord op die vraag.<br><br>Neem kennis die puntetoekenning (2x2) beteken twee ooreenkomste/verskille moet gegee word. Jou antwoord moet as volg begin:<br><br>Bron A toon... en Bron ... } √√<br><br>Beide bronne dui aan dat ... } √√ **(2x2)** |
| Lewer kommentaar op<br><br>Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die bron betreffende ... | Gee jou eie mening, versterk jou standpunt deur logiese verwysings na die inligting in die bron en jou eie kennis<br><br>**(2 x 2)**<br><br>Die bron is bruikbaar omdat... } √√<br><br>Die bron is ook bruikbaar omdat... }√√ **(2 x 2)** |
| **SKRYF VAN DIE PARAGRAAF** | |
| Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne sowel as jou eie kennis, skryf 'n paragraaf... | Jy moet al die relevante bronne identifiseer. Gebruik die inligting in die bron wat die vraag sal beantwoord. Verwys na die bron waaruit jy jou inligting onttrek het. Bv. Volgens Bron 1A ... (8) |

## SESSIE 1 | OPSOMMING VAN INHOUD

## OPSOMMIMG

WAT JY MOET WEET

Daar is vyf onderwerpe waaroor jy hierdie jaar geëksamineer sal word.

In **Kwartaal 1** sal jou opvoeder die eerste twee onderwerpe dek**, nl.:** Kommunisme in Rusland en Kapitalisme in die VSA.

In **Kwartaal 2** sal die ideës oor ras behandel word en een gevallestudie sal gekies word wat die bron-gebaseerde vrae sal dek, terwyl die res van die onderwerp gebruik sal word vir die opstelvraag.

In **Kwartaal 3** mag jou opvoeder besluit om **TWEE** uit die vier gevallestudies oor Nasionalisme te doen. Een sal 'n uitgebreide skryfstuk wees en die ander een brongebaseerde vrae.

In **Kwartaal 4** sal jou opvoeder die tema Apartheid behandel van die oorsprong daarvan tot die Rivoniaverhoor. Dit dek die werk wat jy moet ken vir vraestel 2 in graad 12.

### ONDERWERP – KOMMUNISME IN RUSLAND

In hierdie onderwerp sal jy ondersoek doen na die toestande in Rusland in die 1900s wat gelei het tot die kommunistiese rewolusie en die gevolge daarvan. Jy sal ook ondersoek sommige van die uitdagings wat die USSR in die gesig gestaar het in die opbou van hulle land na die nadelige uitwerking van onder meer die Russiese Rewolusie, die Nuwe Ekonomiese Beleid en Stalin se Vyfjaarplanne. Hierdie onderwerp lê die grondslag vir die Koue Oorlog wat in Graad 12 behandel sal word.

### ONDERWERP – KAPITALISME IN DIE VSA

In hierdie onderwerp sal jy ondersoek doen hoedat die toestande in Amerika in die 1900s gelei het tot 'n ekonomiese depressie na die ineenstorting van die aandelebeurs in 1929 wat 'n uitwerking op die hele wêreld gehad het. Jy sal ook leer hoe die VSA-president probeer het om die situasie om draai met die Nuwe Bedeling. Hierdie ondersoek lê ook 'n goeie grondslag vir die Koue Oorlog in Graad 12.

### ONDERWERP – IDEES OOR RAS IN DIE 20ste EEU

In hierdie onderwerp sal jy ondersoek doen hoe die idees oor ras, wat gebaseer was op Sosiale Darwinisme, begin gewild raak het in die 20ste eeu en gebruik was om mense te benadeel wat as "minderwaardig" beskou was. Die fokus kan op Nazi-Duitsland of Australië wees. Hierdie onderwerp skep 'n verstaan oor die idees van "rassisme" en die verwoestende gevolge daarvan.

### ONDERWERP - NASIONALISMES

In hierdie onderwerp sal jy ondersoek doen hoe nasionalistiese ideaale baie nasies gevorm het op 'n positiewe en negatiewe manier. Jy sal leer oor die verskille tussen inklusiewe en eksklusiewe nasionalismes en sien hoe nasionalisme 'n mag kan wees om 'n groep te verenig of te verdeel. Jou opvoeder sal fokus op ten minste twee van die volgende sub-onderwerpe (gevallestudies): Ghana, Midde-Ooste, Afrikaner en/of Afrika Nasionalisme.

### ONDERWERP - APARTHEID

In hierdie onderwerp sal ondersoek doen hoe die konsep segregasie nie uniek was tot Suid-Afrika nie, maar hoe Apartheid 'n stap verder geneem het deur diskriminasie te wettig deur dit wettig maak op alle fasette van die lewe. Jy sal bestudeer hoe die verskillende apartheidwette rassediskriminasie ingebed het. Jy sal sien hoe mense apartheid teengestaan het, eerstens op 'n passiewe wyse; en toe geleidelik op militante wyse en dit groter in omvang geword het.

## WERK MET BRONNE

**Vergelyking van inligting uit verskillende bronne:** Wanneer jy gevra word om inligting uit bronne te vergelyk, byvoorbeeld ooreenkomste of verskille, word daar van jou verwag om die inligting uit die bronne te onttrek wat ooreenkom of verskil van mekaar.

Byvoorbeeld sal jy noem "Bron A noem ….." en Bron B bevestig dit deur te noem…".

Die puntetoekenning sal as volg wees:

Bron A noem…

Bron B bevestig dit deur te noem… √√

Onthou dat jy altyd 'n skakel in beide bronne moet vind om te vergelyk As die puntetoekenning (2x2)(4) is, moet jy TWEE keer vergelyk

**Watter boodskap**: Om hierdie vrae te beantwoord word van jou verwag om te verduidelik en/of die inligting in die bron op te klaar, byvoorbeeld om die boodskap te interpreteer wat die skepper van die bron wil uitlig.

In sommige gevalle kan van jou verwag word om die skepper van die bron se boodskap uit te lig deur bewyse te gebruik om jou antwoord te motiveer.

In die geval van 'n visuele bron (spotprent, plakkaat of foto) sal van jou verwag word om te verduidelik wat jy in die prent sien – letterlike betekenis sowel as die simboliese betekenis van dit wat jy sien – die figuurlike betekenis.

**Skryf van die paragraaf:** 'n Paragraafvraag sal altyd van jou verwag om die bronne sowel as jou eie kennis te gebruik om die paragraaf te skryf.

Dit beteken dat jy die bronne moet deurlees om te kan sien watter inligting verskaf word wat nodig is om die vraag te beantwoord.

Gebruik die inligting in die bron om jou te lei om die vraag te beantwoord.

Die 'eie kennis' moet net gebruik word om jou te help om meer uit te brei op die inligting wat in die bron voorkom.

Onthou om net EEN paragraaf te skryf. Sodra die nasiener 'n tweede paragraaf sien, sal net die eerste een gelees word.

- Elke brongebaseerde afdeling word ingelei deur 'n **SLEUTELVRAAG.**
- Hierdie SLEUTELVRAAG gee vir jou 'n aanduiding waaroor die bronne handel en word gewoonlik beantwoord aan die einde met die paragraafvraag.
- Onthou dit wanneer jy die bronne deurlees en die vrae beantwoord!

## VOORBEELD VAN 'N SLEUTELVRAAG:

**TOT WATTER MATE HET DIE RUSSIESE BURGEROORLOG EN OORLOGSKOMMUNISME RUSLAND SE EKONOMIE VERNIETIG TUSSEN 1918 EN 1921?**

- Al die vrae wat volg word gemik op die beantwoording van die sleutelvraag.

  **Voorbeeld:**

  **"1.4.1. Waarom beskryf die bron die uitwerking van Oorlogskommunisme op Rusland se ekonomie as sleg?"**
- Die vraag wys daarop dat die uitwerking van Oorlogskommunisme "sleg" was en van jou word verwag om redes daarvoor in jou antwoord te verskaf.
- Hierdie redes kan weer gebruik word om die paragraafvraag te beantwoord.

  **Voorbeeld:**

  **"1.6. Deur gebruik te maak van die relevante inligting en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van AGT lyne (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die Burgeroorlog en Oorlogskommunisme die Russiese ekonomie vernietig het tussen 1918 en 1921."**
- In hierdie vraag kan jy noem "Die uitwerking op die ekonomie was nadelig omdat X, Y en Z (1D)."
- Onthou om altyd na die bron te verwys in jou paragraaf omdat dit aan die eksaminator sal toon dat jy die bronne gelees, ontleed en geïnterpreteer het.
- Moenie bang wees om inligting te onderstreep of te belig wat jy dink die sleutelvraag sal kan beantwoord nie.

**BRON 1A**

**Hierdie bron beskryf die filosofie van Marxisme-Leninisme.**

Kapitalisme is 'n stelsel waar diegene wat rykdom besit, byvoorbeeld finansiers en nyweraars, ook politieke en ekonomiese mag besit. Kommunisme is 'n stelsel waar verskillende klasse afgeskaf is en waar die staat (regering) alle aspekte van lewe beheer het. Die idee dat die werkersklas kapitalisme moes omverwerp en 'n kommunistiese gemeenskap moes vestig was deur die Duitse filosoof en skrywer, Karl Marx, in die 19de eeu geskep. Die eerste suksesvolle kommunistiese rewolusie het in Rusland plaasgevind onder die leierskap van Lenin (in Oktober 1917).

Lenin het daarin geglo dat slegs 'n sterk en magtige sentrale Kommunistiese Party rewolusie teweeg kan bring. Maar (…) die posisie van die Kommunis was nie verseker nie. Talle groepe, beide binne en buite Rusland het die kommunistiese regime van Lenin teengestaan. Die rede was omdat dit die demokraties-verkose parlement vernietig het en 'n eenparty diktatorskap ingestel he wat 'n nuwe radikale maatskaplike en ekonomiese stelsel (kommunisme) in die plek van kapitalisme wou instel.

Tussen 1918 en 1921 was daar 'n fel burgeroorlog toe teenstanders van kommunisme geveg het om die nuwe regering omver te werp. Gedurende die burgeroorlog het die regering 'n ekonomiese beleid, genaamd Oorlogskommunisme, ingestel waar die regering beheer geneem het van alle private eiendom en nywerhede. Die regering het fabrieke, myne, besighede, plase, hospitale, skole, winkels, die vervoernywerheid en privaat eiendom (huise) van mense weggeneem. Alles in die land was nou deur die staat/regering besit. Niemand was ook toegelaat om eiendom te erf nie.

*(Adapted from In Search of History, Grade 11, Jean Bottaro, Pippa Visser & Nigel Worden)*

1.1.1. Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die volgende historiese begrippe in jou eie woorde.
(a) Kapitalisme
(b) Kommunisme (2x2) (4)

1.1.2. Verduidelik in jou eie woorde wat die filosoof, Karl Marx, se standpunt was oor kapitalisme. (1x2) (2)

1.1.3. Lys TWEE redes waarom groepe binne en buite Rusland Lenin se kommunistiese regime teengestaan het. (2x1) (2)

1.1.4. Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Oorlogskommunisme die eienaarskap van eiendom en besighede verander het. (1x2) (2)

**BRON 2 C**

Hierdie bron beeld uit 'n Afro-Amerikaanse gesin wat noordwaarts trek (noordelike geïndustrialiseerde state van die VSA) met al hul besittings.

In die Suidelike State, wat oorwegend landelike gebiede was, moes hulle segregasie en diskriminasie verduur. Toe hulle die noordelike state bereik, moes talle Afro-Amerikaners laagbesoldigde werke doen as gevolg van 'n gebrek aan opvoeding. Die kompetisie (tussen wittes en swartes) het rassespanning in die noorde verhoog.




- Wat sien jy in die foto?
- Wat openbaar dit van die omstandighede vir Afro-Amerikaners gedurende die Groot Depressie?

**Bron 2D**

Hierdie bron is ‘n onderhoud met Maya Angelou, ‘n Amerikaanse digter en burgerregte aktivis. Sy praat van haar ervaring as ‘n Afro-Amerikaner gedurende die Groot Depressie.

**ONDERHOUDVOERDER:** …Watter uitwerking, indien enige, het die ekonomiese probleme tydens die Depressie op die gemeenskap gehad? Hoe het jy die Depressie ervaar?
**MAYA ANGELOU:** Wel, daar is ‘n bitter verklaring wat swartmense gemaak het omtrent die Depressie. Hulle het gesê in die Suide *“die Depressie was reeds vir tien jaar aan die gang voordat swartes daarvan bewus geword het"*, en dat dit veral waar was in die Suide, klein gemeenskappe, gehuggies en klein dorpies omdat die mense meestal selfonderhoudend was. Talle kleinboere, en daardie lyn in die gewilde lied van dekades gelede, is absoluut waar dat hulle gewerk het in fabrieke. Omdat hulle nie opvoeding gekry het nie was hulle kwesbaar vir gretigheid en uitbuiting deur plaaseienaars. So, die Depressie was daar lank voor die ineenstorting van die aandelebeurs in '29. Ek dink dat ek my verbeel dat die groot hordes mense wat so rondloop ‘n uitwerking op die swartgemeenskap kon hê en dit is interessant. Een van die maniere hoe swartmense geaffekteer was, was dat die wit *hobos* na die swart gebiede sou kom om kos te bedel. Nou, deels uit trots en miskien ook as deel van identifisering, om te simpatiseer met die *hobo*, het swartmense vir hulle altyd kos gegee. Nou het hulle boontjies, miskien ‘n stukkie gerookte vleis of droë vleis, koringbrood en swartmense sal bone en koringbrood vir swart en wit *hobo’s* gee. So by die spoorweglyn sal hulle almal eerste na die swartgebied kom.

- Hoe bruikbaar is die bron vir die historikus wat die die uitwerking van die Groot Depressie op Afro-Amerkaners bestudeer? (2 x 2)

**Wenk: Vra ‘Wie’, ‘Wat’, ‘Wanneer’, ‘Waar’, ‘Hoekom’ en ‘Hoe’ vrae**

**BRON 3C** – Hierdie is 'n uittreksel uit Rudolf Höss' (kommandant by Auschwitz) se ervaring van die doodmaak van Jode by die Auschwitz-doodskamp.

In die lente van 1942 het die eerste groep Jode wat bedoel was om uitgewis te word uit Bo-Silisië aangekom.
Dit was van uiterste belang dat die hele aangeleentheid van aankoms en ontkleding moes plaasvind in 'n atmosfeer van groot kalmte. Mense wat huiwerig was om hulle klere uit te trek moes gehelp word deur diegene wat reeds hulle klere uitgetrek het of deur manne van die Spesiale Afdeling.
Baie vroue het hulle babas weggesteek onder die hope klere. Die manne van die Spesiale Afdeling was veral op die uitkyk daarvoor en sal dan woorde van bemoediging tot die vrou spreek totdat hulle besluit het om die babas met hulle te neem.
Ek het opgemerk dat vroue wat geraai het of geweet het wat sou gebeur moed bymekaar geskraap en grappe vir die kinders te vertel om hulle aan te moedig tenspyte van die vrees in hulle eie oë.
Een van die vroue het my genader toe sy verby my stap en gewys na haar vier kinders wat gewilliglik die kleiner kinders oor die ruwe terrein help en gefluister: "Hoe kry jy dit reg om sulke mooi, geliefde kinders dood te maak? Het jy nie 'n hart nie?"
'n Ou man merk op soos hy verby my stap: "Duitsland sal 'n duur prys betaal vir hierdie massamoord van die Jode." Sy oë was gevul met haat toe hy dit noem. Tenspyte daarvan het hy rustig na die gaskamer geloop.
[Uit: https://spartacus-educational.com. Toegang verkry op 05 April 2018.]

**BRON 3D**
Hierdie bron wys die Joodse gevangenis by die Auschwitz doodskamp.



[From:https://www.google.co.za/search?tbm=isch&q=extermination+camps&chips=q:extermination+camps,online_chips:auschwitz&usg=AI4. Accessed on 05 April 2018.]



## KLASBESPREKING

ONDERWERP: Nasionalisme

**Is Nasionalisme Positief of Negatief?**

Nasionalisme was kenmerkend aan bewegings vir vryheid en geregtigheid en word verbind met kulturele herlewings en het trotsheid tydens nasionale prestasies aangemoedig. Ten-spyte daarvan het nasionalisme xenofobie geskep omdat mense bang was dat hulle nasionaliteit en tradisies sal verdwyn.

Na bestudering van die gevallestudies in hierdie onderwerp, gebruik 45 minute om 'n paneelbespreking te hou oor die positiewe en negatiewe aspekte van nasionalisme.

### Probleem 01 – Die Midde-Ooste

Ondersoek hoe Sionisme gelei het tot die verwoestende gevolge in die Midde-Ooste; en hoe die gevolge van nasionalisme tot vandag ervaar word.

**OF**

### Probleem 02 - Ghana

Krities bespreek die rol van Kwame Nkrumah in die opbou van Afrika nasionalisme in Ghana wat gelei het tot die stryd vir onafhanklikheid deur middel van Pan-Afrikanisme.

**OF**

### Probleem 03 – Afrika Nasionalisme

Tot watter mate was swart Suid-Afrikaners beroof van hulle politieke, ekonomiese en maatskaplike regte in die vroeë 1900s en hoe hierdie werklikheid die weggebaan het vir die opkoms van Afrika Nasionalisme?

**OF**

### Probleem 04 – Afrikaner Nasionalisme

Verduidelik hoe Afrikaner Nasionalisme gelei het tot die opkoms van Afrikaner Nasionalistiese Partye wat uiteindelik gelei het tot Apartheid.

**Bron 3A**

**'n Uittreksel uit 'n verklaring wat W.M. Sisulu in die hof gelewer het voor vonnisoplegging vir pasoortredings gedurende die Versetveldtog op 21 Julie 1952.**

Ver van verbetering het die posisie van my mense geleidelik agteruit gegaan na die aanvaarding van wette soos die 1913 Landwet, wat ons ontneem het van ons grond, die Naturelle Stadsgebiedewet van 1923 wat berug was vir sy Artikel 17 waarvolgens honderde duisende onskuldige mense deur die polisie vervolg en elke jaar in die tronk gestop was, die Wet op Verteenwoordiging van 1936, wat ons ontneem het van die stemreg en talle ander maatreëls wat daargestel was om ons bestemming te bereik.

Ons posisie het sodanig verswak dat wit Suid-Afrika 'n regering aan bewind gestem het wat alle grondwetlike regte tussen homself en my mense afgeskaf het en wie se barbaarse en goddelose optrede die verligte mening regoor die wêreld geskok het. As 'n Afrikaan en Nasionale Sekretaris, kan ek nie eenkant staan in 'n aangeleentheid wat 'n geval van lewe en dood vir my mense is nie. My taak is baie duidelik - dit is om die leiding te neem en te deel met die eenvoudigste van my landgenote die las wat op hulle gelê word as gevolg van die kleur van hulle vel. Ten slotte wil ek net die volgende onderneem en met die volle besef van die gevolge wat dit mag inhou. Solank as wat ek 'n gryntjie lewe en energie in my het, sal ek veg met moed en vasberadenheid vir die afskaffing van diskriminerende wette en vir die Vryheid van alle Suid-Afrikaners ongeag kleur of geloof.

http://www.anc.org.za/content/statement-wm-sisulu-court-during-defiance-campaign-being-sentenced-pass-offence [Date accessed: 14 October 2017].

3.1.1 Onttrek bewyse uit die bron om te bewys dat Swart Suid-Afrikaners geen stemreg gehad het nie. (1x2)

3.1.2 Dink jy die internasionale gemeenskap sou pogings soos die Versetveldtog ondersteun? Verduidelik. (1x2)

3.1.3 Watter afleidings sal 'n historikus maak oor Sisulu se karakter na bestudering van die bron? (2x2)

3.1.4 Hoe betroubaar is Bron 3A vir historikus wat Sisulu se deelname aan die Versetveldtog bestudeer? Verduidelik. (2x2)

**As jy gevra word oor die betroubaarheid van 'n bron…**

Wanneer jy wil vasstel of 'n bron betroubaar is, moet jy na die bron in die geheel kyk, byvoorbeeld **wie dit geskryf het**, **wanneer dit geskryf was**, en wat die **konteks** was toe dit geskep was. Die inligting wat in die bron aan jou gegee word is baie belangrik voordat jy 'n besluit maak.

'n Bron kan gesien word as betroubaar as dit geskep was toe die gebeurtenis plaasgevind het (primêre bron).

Bronne wat deur mense geskep word wat direk daarby betrokke was kan as betroubaar beskou word omdat dit eerstehandse inligting is. Wees egter bedag op bevooroordeelde weergawes. 'n Bevooroordeelde bron gee slegs daardie persoon se perspektief oor die gebeure.

**WENKE: Opstelvrae sal op die volgende maniere verwoord word:**

**Stem jy saam met die stelling?**

‘n Stelling sal gegee word. Kandidate sal gevra word om standpunt in te neem.

**Krities bespreek…**

Gee jou eie mening tot watter mate die stelling of bevinding in die bewyse waar is of tot watter mate jy daarmee saamstem daarmee. Verskaf bewyse wat saamstem en verskil met die stelling. Maak afleidings waarop jy jou besluit grond en regverdig jou antwoord wat jy verskaf.

**Tot watter mate…**

Tot watter mate iets geglo kan word dat dit waar is: hierdie tipe vrae verwag ‘n deeglike ontleding van die bewyse.

**VRAAG 4: WEERSTAND IN SUID-AFRIKA – 1940s TOT 1960s**

*‘Swart Suid-Afrikaners het gewelddadig in opstand gekom teen diskriminasie en onderdrukking in die 1960s.’*

Stem jy saam met die stelling? Substansieër jou antwoord deur te verwys na die verskillende vorme van weerstand in die 1960s. **[50]**

**WENKE: SKRYF VAN DIE OPSTEL**

Lees die opstelvraag deeglik om die fokus te verstaan.

Onderstreep die ***opdragwerkwoord***, ***vraagfokus***, ***rigting wat gegee word aan die inhoudfokus en tydskale.***

Jy moet kennis neem van die format van ‘n opstel, naamlik Inleiding, Liggaam (in paragrawe) en slot.

Die opstel moet altyd in kronologiese volgorde geskryf word (die orde soos gebeure ontvou het).

Die inleiding moet ‘n reaksie op die vraag wees.  Van jou word verwag om ‘n standpunt in te neem en bewyse te gebruik om dit te ondersteun.

In die liggaam van die opstel moet jy die bewyse gebruik waarna jy in die inleiding verwys het om verder op jou standpunt uit te brei.

# HOE OM OPSTELVRAE TE BEANTWOORD

## 3 STAP INLEIDING

- ✓ **STAP 1 –** Reageer op die vraag → neem standpunt in (stem saam/verskil/tot mindere mate/tot meerdere mate)
- ✓ **STAP 2 –** Verduidelik **hoekom** jy die standpunt inneem
- ✓ **STAP 3 –** Identifiseer hoe jy jou antwoord sal bewys (hierdie opstel sal ondersoek doen…)


## GEBRUIK PEEL-METODE

**PUNT**
- Skryf een sin waarin jy verduidelik waaroor die paragraaf handel

**VERDUIDELIK**
- Verduidelik die punt wat jy gemaak het

**VOORBEELD**
- Verskaf bewyse om jou punt te bewys.

**SKAKEL**
- Verbind terug na vraag OF
- Gaan voort na die volgende paragraaf



Gebruik hierdie riglyn om voor te berei vir die eksamen. Dit bevat handige wenke wat sal help om die geskiedenis te slag!

## VOOR DIE EKSAMEN

- Geskiedenis is ‘n inhoudsvak en daarom moet jy reeds ‘n week voor die skryf van die vak begin voorberei. Soos jy studeer neem kennis van: terminologie, sleutel-konsepte, waarom dinge gebeur het, hoe dinge gebeur het, wat is die gevolge van die gebeure, wie was betrokke, ens.
- Dit sal raadsaam wees om een onderwerp in diepte te bestudeer (beide die opstel en brongebaseerde vrae) en fokus op ‘n spesifieke aspek van ‘n ander onderwerp (om seker te maak dat jy ten minste vir 3 vrae voorbereid is).
- Stel vir jou ‘n raamwerk op vir die opstelvrae wat die hoofpunte bevat sowel as die verduideliking en voorbeelde om dit te bewys. Dit hoef nie gedetailleerd te wees nie, dit sal jou help om die aspekte te onthou wat in die opstel voorkom.

## GEDURENDE DIE EKSAMEN

- Lees jou bronne deeglik. Jy sal 2 tot 3 ure het om die vraestel te voltooi (afhangende van die kurrikulum vooroor jy gaan skryf), en gebruik jou tyd effektief!
- Lees die vrae NADAT jy deur die bronne gelees het omdat dit meer sin sal maak op daardie manier.
- Maak seker om sleutelbegrippe te belig of te onderstreep in beide die bronne en die opstelvraag. Fokus op datums, name, inhoudfokus, vraagfokus, ens.
- As jy klaar is voordat die tyd verstreke is, lees deur die antwoorde en maak seker dat jy die korrekte antwoorde gegee het gebaseer op die puntetoekenning. Baie leerders verloor punte omdat hulle een antwoord verskaf in plaas van twee vir ‘n (2 x 2) vraag.

## NA DIE EKSAMEN

- Haal diep asem en ontspan!